Cambridge IGCSE

**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2017**

TRANSCRIPT

**35–45 minutes**

This document consists of **8** printed pages.

© UCLES 2017

Cambridge Assessment International Education

**[Turn over**

E This is the Cambridge International Examinations, International General Certificate of Secondary Education in Afrikaans as a Second Language. Syllabus 0548, Paper 2 Listening, November 2017.

Instructions to candidates
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, glue or correction fluid.

There are instructions about how to answer the questions above each item on the question paper. You need not write in full sentences. Dictionaries are not permitted.

Before each recorded item is played, time is allowed for reading the instructions and studying the questions. All items are heard twice. You may take notes and write your answers at any time during the test.

The number of marks is given in brackets at the end of each question or part question.

A signal is used to introduce each item.

PAUSE 00’05’’

SIGNAL

M **Oefening 1**

Luister na ’n verslag van ’n dapper vrou, Martie Willemse, wat ’n inbreker help vang het.

Beantwoord die vrae deur ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die verslag twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

V Ek is ’n vrou van 91 jaar, maar in my lewe was ek nog nooit ’n bang persoon nie; daarom het ek ook nie groot geskrik toe ek laat Maandagmiddag, 2 Augustus, ’n inbreker buite my woonstel betrap het nie. Ek het gehelp om hom vas te trek. Ek is ’n weduwee en ek woon die afgelope vyf jaar in die woonstel agter op ‘n erf in Akasialaan. Op die erf is ook ’n groot huis waarin die eienaar en sy gesin woon. Ek het uitgegaan tuin toe om my kat te roep, toe ek die man naby die huis sien staan.

PAUSE 00’05’’

Die man het baie groot geskrik toe hy my sien. Hy het seker gedink daar is niemand tuis nie. Miskien het hy net die hoofhuis op die erf dopgehou. Toe ek hom sien, het ek so hard as wat ek kon geskree en hy het oor die lae muur om die erf gespring en in die straat afgehardloop.

Ek het by die hek gaan staan en hom bly dophou. Ek kon sien hy wou kwaad doen, want wat het hy daar in die erf gesoek? Later het ek agtergekom dat hy reeds in die groot huis was. Hy het ’n kamera, skootrekenaar en dekodeerder buite langs ’n oop venster neergesit, om later weg te

© UCLES 2017 

dra. Ek het die noodnommer van die buurtwag gebel. Hulle kontak toe die polisie en die man is kort daarna in dieselfde straat aangekeer. Hy het toe al by ’n hele klomp huise ingebreek en die gesteelde goed in ’n parkie tussen digte struike weggesteek.

PAUSE 00’05’’

Die polisie het my verklaring afgeneem. Terwyl ons daarmee besig was, het ’n klomp bure en ander nuuskierige omstanders om die inbreker saamgedrom, waar hy vasgeboei gestaan het langs die polisievoertuig. Die mense was kwaad. Een van die mans het hom voor die bors gegryp en heen en weer geskud. Hy is ’n kort, skraal mannetjie en lyk soos ’n tiener. Ek het na hom gestap en gevra of sy ouers hom dan nie beter geleer het as om ander mense se goed te steel nie. Maar ai, dalk het hy nie eens ouers nie! Hy het my nie in die oë gekyk nie en net grond toe gestaar. Ek dink nie hy was gewapen nie. Hy het op 5 Augustus op aanklag van huisbraak in die landdroshof op Somerset-Wes verskyn. Ek het gehoor hy is al 25 jaar oud! **

PAUSE 00’05’’

M Jy sal die verslag nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

V **Oefening 2**

Luister na ’n gesprek tussen Charlene en haar vriend Paul oor haar vakansie in die iSimangaliso-vleilandpark in KwaZulu-Natal.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

* SIGNAL

V Hallo, Paul. Het jy lekker vakansie gehou?

M Dit was lekker, maar ek was mos nie so gelukkig soos jy om weg te gaan nie. Vertel my liewer van jou vakansie.

V Ons besoek aan die iSimangaliso-vleilandpark was fantasties. Hierdie gebied het ’n gepaste naam, want iSimangaliso beteken mirakels en wonders in Zoeloe. Die pragtige park is in 1999 as Suid-Afrika se eerste Wêrelderfenisgebied verklaar. Die park lééf van die diere en sluit agt ekosisteme in.

M Sjoe! Hoe groot is hierdie park dan?

V Wel, die park begin by die dorp St. Lucia en strek 230 km van noord na suid. Dit beslaan ongeveer 8% van Suid-Afrika se kuslyn. Die vleilandsisteem is só belangrik in die wêreld dat dit deur ’n internasionale organisasie in stand gehou word.

© UCLES 2017 

PAUSE 00’05’’

M Hoe kom ’n mens in die park?

V Daar is verskeie hekke waar jy kan ingaan. Die roete vanaf die Dukuduku-hek, net buite St. Lucia, strek langs die westelike oewer van die meer. Ons het die eerste dag aan die oostekant van die meer opgery tot by Kaap Vidal. Die beeldskone strand slaan jou asem weg. Ek het koekies en sjokolade by die kafee gekoop en dit op ’n tafel buite neergesit. Gou het ’n aap daarop afgepyl, die eetgoed blitsvinnig gegryp en in ’n boom gaan smul.

M Ja, ape is blitsvinnig! Jy het vroeër gesê daar is agt ekosisteme in die park.
Watter ander is daar as die vleilande en mere?

V Daar is ook hoë duine, vlaktes en grasvelde. Ek het pragtige foto’s van koedoes, buffels, en blouwildebeeste geneem. Ongelukkig het ons geen olifante gesien nie. Vanaf Junie tot November is daar ook walvisse in die oseaangebied van die park.

PAUSE 00’10’’

M Jy het vir my ’n selfie gestuur van jou op ’n boot op die meer. Het julle baie
seekoeie en krokodille gesien?

V Ja, ’n mens sien vreeslik baie – en daar is ook haaie. Ons het die eerste dag omtrent honderd seekoeie gesien. Altesaam is daar meer as 1 000 van hulle en net soveel krokodille. Saans moet ’n mens wegbly van die oewers af, want ek het gehoor seekoeie stap soms tot in die hoofstraat van St. Lucia.

PAUSE 00’05’’

M Is dit maklik om verblyf te kry?

V In die dorp St. Lucia is baie plekke waar besoekers kan tuisgaan. Ons het skaars honderd meter van die meer se westelike oewer in ’n woonstel gebly, binne loopafstand van eetplekke en die mark. Die Sunshine Jetty, waar bootvaarte op die meer begin, is ook daar. In die park is vyf pragtige kampeerplekke.

M Kan jy daar fietsry en aan ander buitelugaktiwiteite deelneem?

V Daar is pragtige perdry-, stap- en fietsryroetes, maar in veiliger dele van iSimangaliso, weg van gevaarlike wilde diere af.

M Ek gaan my pa-hulle jou mooi foto’s wys en hulle probeer oorreed om volgende jaar soontoe te gaan. **

PAUSE 00’05’’

V Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

V **Oefening 3**

Luister na 'n gesprek tussen verslaggeefster Tasneem en professionele sportafrigter Jabulani oor sy loopbaan.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'00''

* SIGNAL

V Goeiemiddag, Jabulani. Baie dankie dat jy op jou een vry middag hierdie week 'n rukkie met my kan praat oor jou werk as sportafrigter.

M Middag, Tasneem. Dis 'n plesier. Ek geniet my werk baie en praat graag daaroor met mense wat belangstel.

V Deesdae is daar soveel sportsoorte om van te kies dat 'n loopbaan as sportafrigter aanloklik lyk vir sportliefhebbers wat dink hulle het die vermoë om hierdie werk te doen.

M Sport speel 'n baie groot rol in die wêreld, maar 'n persoon moet besef dat 'n professionele sportafrigter se werk meer insluit as net die spel. Afrigters werk met mense. Hulle moet deelnemers aan die sport help om hulle volle potensiaal te bereik.

V Hoe het dit gebeur dat jy 'n professionele afrigter geword het?

M Nadat ek matriek voltooi het, het ek fisioterapie aan die Universiteit van Johannesburg gestudeer. Ek het my lewe lank krieket gespeel en het tydens my studiejare begin om skoolseuns af te rig. My krieketspannetjies het goed gevaar en 'n klub in Gauteng het my later genader om hul twee senior spanne af te rig. Ek het daarvandaan nie weer teruggekyk nie.

PAUSE 00'10''

V Watter tipe persoonlikheid moet 'n sportafrigter hê?

M Dis moeilik om 'n spesifieke persoonlikheidstipe vir afrigting as die enigste te noem, want dit verskil van sportsoort tot sportsoort. Party afrigters is streng, terwyl ander weer rustig is. Albei kan egter 'n goeie afrigter wees.

V Wat moet alle afrigters goed kan doen om suksesvol te wees?

M Hulle moet die reëls en tegniek van die sport baie goed ken en speltaktiek kan uitwerk. Afrigting gaan egter nie net hieroor nie. Goeie afrigters moet goed met hulle spelers kan kommunikeer. Daar moet 'n goeie verhouding tussen speler en afrigter wees. Die afrigter moet die spelers eerste stel.

V Dit is seker lekker om iets te doen waarvoor jy lief is?

M Ja, dit is natuurlik enige mens se droom om betaal te word vir 'n werk wat jy geniet, maar om professionele spanne af te rig, is nie maklik nie. Goeie afrigters word goed betaal, maar as die span nie goed genoeg vaar nie, verloor hulle dikwels hul werk.

V Wat is die werksure van ’n professionele afrigter?

M ’n Professionele afrigter soos ek werk buite seisoen gewoonlik kantoorure. In my geval is dit van halfnege tot halfvyf. Binne seisoen werk ek ook baie oortyd en dan moet ek baie reis.

V Watter kwalifikasies is nodig vir hierdie werk?

M Daar is geen verpligte skoolvakke nie, maar lewenswetenskappe kan jou help. Kursusse aan tersiêre inrigtings sluit BA Sportsielkunde, BA Sportafrigting en BSc Sportwetenskap in. Afrigtingskursusse by sportverenigings kan ook gevolg word.

PAUSE 00’10’’

V Watter salaris kan ’n afrigter moontlik verwag, Jabulani?

M As jy ’n loopbaan as sportafrigter oorweeg, moet jy bereid wees om jou van onder af op te werk. ’n Mens kan nie sommer verwag om aan die begin dadelik baie geld te verdien nie. Jy begin gewoonlik by skole teen sowat R4 000,00 per maand en beweeg aan na klubs en provinsiale spanne. ’n Klein aantal afrigters bereik die hoogste vlak. Nasionale afrigters in hoëprofielsportsoorte het multimiljoenkontrakte, maar dit is natuurlik ook stresvolle werk.

V Jabulani, hierdie inligting uit die mond van ’n ervare afrigter sal mense wat in hierdie soort werk belangstel, baie help. Ek wens jou alle voorspoed toe en ek kan sien dat die krieketspelers wat jy afrig, in goeie hande is.**

PAUSE 00’10’’

M Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

V **Oefening 4**

Luister na Hilton en Betsie se gesprek oor hommeltuie, ’n soort onbemande vliegtuig.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’30’’

* SIGNAL

M Goeiemôre, Betsie. Ek het jou so lank laas gesien. Ek hoor by jou pa jy is deesdae met interessante dinge besig. Vertel my asseblief daarvan.

V Deesdae het ek nogal baie werk; ek is selfs naweke besig. Ek werk mos nou vir die stadsraad se afdeling vir veiligheid en sekuriteit en ek moes onder andere navorsing doen oor die vliegtuigies wat hommeltuie genoem word.

© UCLES 2017 

M Waarvoor word hierdie vliegtuigies gebruik?

V Hommeltuie is klein, onbemande helikopters of vliegtuigies wat met kameras toegerus is. Hulle kan gebruik word om skelms te vang of om pragtige foto's te neem. Die stadsraad toets modelle om te kyk of hulle die polisie kan help om misdadigers, byvoorbeeld dwelmsmokkelaars, vas te trek. Die persoon wat die hommeltuig beheer, sit kilometers van waar die hommeltuig oor die gebied zoem en hou 'n skerm dop. Sodoende kan hulle alles sien wat die tuig se kameras afneem. As hulle die skelms raaksien, kan die polisie dadelik optree.

M Het hulle al misdadigers op hierdie manier gevang?

V Ja, beslis. Ons het al met behulp van 'n hommeltuig meer mense aangekeer as wat ons daarsonder sou gedoen het. Een rede hiervoor is dat ons kan sien waarheen die mense weghardloop. Ons het al gesteelde goed opgespoor wat mense probeer wegsteek.

M Waarvoor kan hommeltuie nog gebruik word?

V Hierdie moderne tegnologie is ook gewild onder fotograwe, want hulle kan tonele op die grond van bo af afneem. Party van die meer gespesialiseerde modelle kan terugkeer na die plek waar hulle opgestyg het en self land. Dit is wat posduiwe ook doen. Branderplankryers neem ook deesdae met behulp van 'n hommeltuig graag vanuit die lug foto's van hul maats wat reusebranders ry.

PAUSE 00'10''

M Hoe werk 'n hommeltuig?

V Amper soos die afstandbeheerde vliegtuigies waarmee sommige mense speel. Hul grootte wissel van baie klein – skaars langer as 'n liniaal – tot baie groot. Die massiewe hommeltuie wat die Amerikaanse weermag gebruik om missiele te vervoer, is byvoorbeeld 11 meter lank en het 'n vlerkspan van 20 meter. Hommeltuie het gewoonlik 'n battery wat dit sowat 20 minute lank kan aandryf. Die meer gevorderde modelle kan egter ure aaneen vlieg.

M Hoe word die tuig beheer?

V Jy kan die tuig met 'n afstandbeheerder laat opstyg, rondvlieg en land. Sommige tuie kan met slimfone of tablette beheer word. 'n GPS in die tuig hou die persoon wat dit beheer, ingelig oor waar die tuig presies in die lug is.

M Kan enigiemand 'n hommeltuig aanskaf?

V Dit is nie maklik vir gewone gebruikers om so 'n tuig te kry nie. 'n Lisensie kan tot R150 000 kos. Daar is ook regulasies wat nagekom moet word, byvoorbeeld, slegs een mens op 'n slag mag die hommeltuig beheer, jy mag nie toertjies daarmee uitvoer nie en jy mag nie binne 10 km van 'n lughawe vlieg nie. Jy mag nie op 'n openbare pad opstyg of land nie.

PAUSE 00'10''

M En as jy nie hierdie regulasies volg nie?

V As jy nie die regulasies volg nie, kan jy tronkstraf van hoogstens 10 jaar kry of 'n boete van tot R50 000 moet betaal. Jou lisensie kan ook weggeneem word.

M Dit is regtig vir my baie interessant, Betsie. Ek het nie veel van hommeltuie geweet nie. Hierdie tegnologie sal beslis ook meer ontwikkel en vir al hoe meer dinge gebruik word. **

PAUSE 00’10’’

V Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’30’’

SIGNAL

M Dit is die einde van die toets.

E This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeassessment.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2017 